

Josef se Gebeente.

MARTIN MEERMAN.

Daar trek die slawevolk,
verlos deur wonderdade,
die wye ruimtes in,
met skatte ryk belade.

Die weg is ongebaan,
die dors laat hul verkwyn,
en voor hul—eindeloos—
'n dorre sandwoestyn.

Oorwinnend gaan hul na
hul land, die lank belofde.
'n Konings-sarkofaag
is sigbaar oor hul hoofde.

Die dor gebeente wat
hul skouers onderskraag.
Simbool slegs van die dood
is hierdie sarkofaag.

Die sarkofaag besiel;—
voort trek die groot gemeente!
Die rus is voorbeskik
vir hul—en dié gebeente;
dit was profetewoord,
die sarkofaag is pand
en 'n getuienis:
Hul wag 'n vaderland.

So is die volk op trek,
die Godsvolk al die tye.
Hul dra 'n onderpand
—met innig sielsverblye—
'n waarborg waar hul gaan:
hoe troosteloos die reis,
die einde is die rus,
hul wag die Paradys.